Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, October 14, 2021

Page: 16

# Spruite van hoop op swartgebrande aarde

**TERWYL** lentereëndruppels einde September oor die swartgebrande aarde en wild- en veekarkasse in die oostelike Noord-Kaap gesif het, het Agri Noord-Kaap op 30 September met die hulp van twee maatskappye in Kimberley twee fondse gestig om veeartse met medisyne en boere met subsidies te help om infrastruktuur te vervang.

Die eerste lentereënbuie het egter te laat gekom ná dié drie dae lange verwoestende brand wat ook in die Wes-Vrystaat gewoed het. Sowat 144 000 ha is volgens die Noord-Kaapse departement van landbou verswelg. Boere wat skade gely het, het die gemeenskap bedank vir al die hulp tydens en ná die brande.

Volgens mnr. Nicol Jansen, voorsitter van Agri Noord-Kaap, beloop die veeverliese wat vir die eerste 30 000 ha beraam is, 41 grootvee-eenhede, 7 kleinvee-eenhede en 142 stuks wild wat kameelperde, rooibokke, hartebeeste, blouwildebeeste, koedoes en gemsbokke insluit. Die finale getalle was teen druktyd onbekend.

Sowat 455 000 ha het reeds in Augustus en September in die provinsie afgebrand.

## KOMMERWEKKEND

Agri Noord-Kaap het met behulp van GWK en Ekapa Mining twee fondse gestig om boere by te staan te midde van 'n gebrek aan noemenswaardige staatshulp. Jansen sê een fonds sal medikasie en toerusting aan veeartse beskikbaar stel wat beseerde diere vrywillig behandel.

Vir die ander fonds is reeds R2 miljoen bekom, en boere kan deur Agri Noord-Kaap aansoek doen om veevoer of 'n subsidie om vernietigde infrastruktuur, soos heinings en pypleidings, te vervang. (Lees meer by **bit.ly/3D7xinZ**.)



Mnr. Herman Snyman, bestuurder van Wintershoek Safaris, Kimberley, maak reg om 'n verdoofde bok te laat oplaai sodat dit geskuif kan word.

"Die verlies aan weiveld is uiters kommerwekkend, veral as in ag geneem word dat 50% van die Noord-Kaap droogte beleef en dat boere tot so min as 30% van hul teeldiere oor het. Heelwat dele wat wel goeie somerreën en weiding gehad het, is ook daarmee heen. Dit plaas groot druk op die drakrag van die oorblywende weiveld. Oorblywende kuddes moet in produksie bly, want ons kan nie bekostig dat teeldiere voortydig buite produksie gestel word en op veilings en in voerkrale beland nie."

## DIEN KLAGTES IN

Jansen moedig boere aan om klagtes van brandstigting by die polisie in te dien, en om ou saaknommers vir Agri Noord-Kaap te stuur sodat hy navraag kan doen oor die vordering van ondersoeke. Strafsake behoort behoorlik ondersoek en brandstigters strafregtelik vir nalatigheid of kwaadwilligheid vervolg te word.

"Die Noord-Kaapse ekonomie kan nie die grootskaalse verwoesting bekostig nie. Dit is die landbou-ekonomie wat landelike gemeenskappe onderhou. Uitgebreide landboubedrywighede en meegaande indiensneming kan nie volgehou word indien die produksievermoë deur rampdroogtes en grootskaalse veldbrande ontwrig word nie.

"Die afwesigheid van die staat om rampondersteuning te bied en skade te beperk, is absurd. Brandbestryding word aan die grondeienaars oorgelaat, terwyl hul produksievermoë, wat belastinginkomste verseker, deur vlamme verswelg word. Agterna is begro-



'n Beseerde bees in die verskroeide veld. Na raming is 41 stuks grootvee in dié brand dood. FOTO'S: CHARNÉ KEMP



This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.